# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING VAN BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES

## 5.1 INLEIDING

Die opvoedingsopgawe van die ouer omsluit die begeleiding van sy kind tot sedelik-selfstandige en volwaardige volwassenheid. As primêre opvoeder moet hy die kind op alle vlakke begelei, waar die kwaliteit van hierdie begeleiding die kind in sy volwassewording kan steun of rem. Net soos die ouer sy kind moet begelei, is dit egter ook belangrik dat ouers die nodige begeleiding ten aansien van hulle opvoedingstaak ontvang, om hulle toe te rus vir hulle taak as opvoeders. 'n Ouer sal die opvoeding van sy kind nie opsetlik nalaat nie, maar beskik nie altyd oor die nodige kennis, insig en vaardighede om die opvoedingsgebeure op toereikende wyse te verwerklik nie.

Die hedendaagse samelewing word gekenmerk deur veranderde en veranderende eise en omstandighede met betrekking tot die opvoeding van kinders. Ouerskap impliseer toenemend meer eise, wat daartoe lei dat daar 'n dringende behoefte aan deskundige begeleiding ten opsigte van die opvoeding van kinders bestaan. Die behoefte in dié verband is selfs groter in milieu-benadeelde gemeenskappe, waar ouers dikwels nie oor die nodige kennis beskik om optimale opvoedingsgedrag te bewerkstellig en die optimale ontwikkeling van hulle kinders te bevorder nie.

Aangesien die gesin se sosio-ekonomiese status en die wyse waarop die gesin binne 'n bepaalde sosio-ekonomiese milieu funksioneer 'n invloed uitoefen op die opvoedingsgedrag van die ouers en die ontwikkeling van die kind, was die onderhawige studie afgestem op 'n ondersoek na waarde-oriëntasie as faktor by

die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die uiteindelike oogmerk was om riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

In die onderhawige hoofstuk word 'n samevatting van die bevindinge van die studie aangebied en tot gevolgtrekkings gekom. Bepaalde ouerbegeleidings-implikasies vloei uit die navorsing voort, en hierdie studie word met enkele aanbevelings en riglyne in dié verband afgesluit.

## 5.2 SAMEVATTING VAN BEVINDINGE

Die doel van die studie was om ondersoek in te stel na die wyse waarop die waarde-oriëntasies van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Benewens hierdie primêre doel is dit tweedens ten doel gestel om, op grond van die bevindinge wat verkry is, ouerbegeleidingsimplikasies en riglyne in dié verband te formuleer.

Die vertrekpunt vir die studie was die aanname dat die opvoedingsgedrag van die ouer sterk verband hou met sy waarde-oriëntasie en dat dit verder 'n betekenisvolle en kragtige uitwerking het op die ontwikkeling van die kind. Die opvoedingstyl van die ouer oefen byvoorbeeld 'n sterk invloed uit op die belewinge, gedrag en persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Die belangrikste bevindinge wat uit die studie voortspruit, word vervolgens uiteengesit. Dit is belangrik om daarop te let dat die bevindinge wat uit die empiriese ondersoek geformuleer kon word, beperk is tot gesinne wat by die ondersoek betrek is (kyk Hoofstuk 4). Die interpretasies en gevolgtrekkings het derhalwe slegs op hierdie steekproef betrekking.

### 5.2.1 Hoofstuk 1

Hoofstuk 1 behels 'n inleidende oriëntering, die definiëring en omskrywing van konsepte wat sentraal staan tot die studie, die probleemstelling, formulering van 'n hipotese, metodologiese verantwoording en formulering van die navorsingsdoel.

Die navorsingsprobleem is geformuleer in terme van die vraag na die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl van die ouers, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Hieruit volg definisies en omskrywings van die konsepte **waarde-oriëntasie**, **gesinsopvoeding**, **milieu-benadeeldheid** en **voorskoolse kind**. Benewens hierdie konsepte is die begrip **ouerbegeleidings-implikasies** omskryf.

By die bespreking van die begrip **waarde-oriëntasie** is dit beklemtoon dat elke mens waardebepalend deelneem aan die lewe en dat alle handelinge en besluite met waardebepalinge deurtrek is. Die opvoedingsgedrag van die ouer word derhalwe noodwendig deur sy waarde-oriëntasie beïnvloed. Met betrekking tot die begrip **gesinsopvoeding** is, benewens omskrywings van die begrippe **gesin** en **opvoeding**, gefokus op moontlike opvoedingsgedragspatrone wat ouers kan verwerklik (in terme van die warmte- en dominansie-dimensies), asook op die agt opvoedingstyle wat deur Angenent onderskei word.

Wat die begrip **milieu-benadeeldheid** betref, is beklemtoon dat die milieu-benadeelde kind 'n agterstand het in vergelyking met kinders uit middel en hoër sosio-ekonomiese groeperinge. Hierbenewens is die milieu-benadeelde individu as iemand beskryf wat, weens sy beperkende sosiale, ekonomiese en kulturele omstandighede, nie in staat is om vrylik keuses te maak en geleenthede optimaal te benut nie. Die voorskoolse kind is gedefinieer as die kind tussen die

ouderdomme van ongeveer 3 tot 6 jaar en wat nog nie tot die laerskool toegetree het nie.

Aangesien die onderhawige studie onder andere afgestem is op ouerbegeleidingsimplikasies, is hierdie begrip omvattend omskryf. Dit is beklemtoon dat ouerbegeleiding gerig is op die begeleiding van ouers om hulle eie opvoedingsgedrag in die lig van hulle persoonlike omstandighede, waardes en oortuigings te verbeter, sodat hulle hulself as meer toereikend kan beleef en beter toegerus kan voel vir hulle taak as ouers. 'n Onderskeid is getref tussen ouerbegeleiding op mikro-opvoedkundige vlak (die hantering van reeds geïdentifiseerde probleme) en ouerbegeleiding op makro-opvoedkundige vlak (voorkoming van probleme, asook kompensering vir reeds bestaande probleme). Hieruit is **ouerbegeleidingsimplikasies** omskryf as dit wat uit die studie voortspruit wat betekenis inhou vir en aangewend kan word tydens ouerbegeleiding, ten einde ouers en voornemende ouers beter toe te rus vir hulle taak as opvoeders, om uiteindelik die optimale ontwikkeling en selfaktualisering van die kind te fasiliteer.

Dit is verder aangetoon dat die onderhawige studie nie slegs 'n psigopedagogiese studie is nie, maar ook 'n sterk sosiopedagogiese en opvoedkundige-sielkundige inslag het.

Wat die navorsingsmetode van die studie betref, is die ondersoek as verkennend, beskrywend en in 'n beperkte mate verklarend van aard getipeer. Die studie behels 'n basiese, teoretiese ondersoek aan die hand van 'n oorsig van bestaande toepaslike literatuur, asook 'n empiriese ondersoek na verbande wat uit die literatuur blyk.

### 5.2.2 Hoofstuk 2

In Hoofstuk 2 is die leefwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan die hand van 'n literatuurstudie verken. Dit is gedoen deur middel van 'n beskrywing van enkele fasette van milieu-benadeeldheid, soos vervolgens kortliks saamgevat word.

#### 5.2.2.1 Omgewing van die milieu-benadeelde gesin

Die omgewing van die milieu-benadeelde gesin is omskryf as een wat gewoonlik verwaarloos en onaantreklik is en wat dikwels gekenmerk word deur armoede, ontoereikende en oorvol huise, vervalle wooneenhede, lawaai en 'n lae sosiale, ekonomiese en kulturele peil. Hierbenewens is verskynsels soos geweld, misdaad, buite-egtelike seksualiteit, dwelmgebruik, alkoholisme en vroue- en kindermishandeling aan die orde van die dag. Daar is dikwels 'n gebrek aan voedsame kos, 'n warm bed en soms selfs lopende water en elektrisiteit. Verder kan die milieu-benadeelde gesin moeilik enige mediese dienste bekostig.

Dit is beklemtoon dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom derhalwe in 'n buurt of omgewing bevind wat in talle opsigte gedepriveerd is en sy optimale funksionering en persoonsontplooiing belemmer.

#### 5.2.2.2 Gesinsituasie van die milieu-benadeelde kind

Dit is beklemtoon dat die milieu-benadeelde gesin kultureel andersoortig is as die dominante kultuur, gekenmerk word deur deprivasie en verwaarlosing en vasgevang is in 'n armoedspiraal. Op grond van hierdie beperkinge word die verwerkliking van moontlikhede by die gesinslede belemmer.

Dit is aangedui dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom in 'n nie-ondersteunende gesinsmilieu bevind, wat nie die nodige ontwikkelingservaringe

aan hom bied nie. Hierbenewens is sy ouers dikwels onbetrokke, wat tot opvoedingsverwaarlosing lei. Die gesin word in baie gevalle gekenmerk deur ontoereikende gesinseenheid, konflik, verbrokkeling en spanning, asook 'n gebrek aan konsekwente dissiplineringspraktyke. Ouers beskik gewoonlik oor lae opvoedkundige kwalifikasies, wat 'n lae beroepstatus en karige inkomste impliseer. Hiermee gepaardgaande koester gesinslede selde enige aspirasies om bo hulle omstandighede uit te styg.

Dit is verder beklemtoon dat milieu-benadeelde ouers meestal nie daarin slaag om belangrike gesinstake en sosiopedagogiese essensies toereikend te verwerklik nie. As 'n gevolg word die gesin gekenmerk deur die ontoereikende vervulling van pedagogiese, psigologiese en sosiale behoeftes, wat die ontwikkeling van die kind tot volwaardige volwassenheid belemmer.

In terme van pedagogiese kenmerke is die milieu-benadeelde gesin beskryf in terme van ontoereikende opvoeding en opvoedingstyl, opvoedings-kommunikasie, behoeftevervulling en waarde-oriëntasie van die ouers; materiële, kulturele en emosionele verwaarlosing; asook die gebrekkige sosialisering, selfaktualisering, identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming van die kind. Die psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin is saamgevat as gebrekkige motivering in gesinsverband, ontoereikende kognitiewe niveau van die gesin en gesinslede, negatiewe selfkonsep van die ouers en 'n ongunstige affektiewe klimaat tuis. Wat sosiale kenmerke betref, is die gesin beskryf in terme van 'n labiele, ongunstige gesinslewe, 'n kultuurarme sosiale milieu, gebrekkige sosialisering van die ouers, ontoereikende kommunikasiestyl, beperkte taalkode, oneffektiewe gesinskontrole en ongunstige rolgedrag van die ouers.

#### 5.2.2.3 Waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer

Dit is benadruk dat die sosio-ekonomiese status van die ouer die kragtigste sosiaal-strukturele voorspeller is van sy waarde-oriëntasie, asook dat die waarde-oriëntasie van die ouer sy opvoedingsgedrag beïnvloed.

Algemene lewensomstandighede, asook werksomstandighede is uitgesonder as bepalend van die ouer se waardestelsel. Met betrekking tot die milieu-benadeelde ouer, waar gehoorsaamheid aan voorskrifte en konformering met meerderes as belangrik geag word, is waardes soos konformering aan eksterne reëls en samelewingsvoorskrifte, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir gesag en goeie maniere uitgelig as daardie waardes wat as belangrik beskou word by hulle kinders en tydens opvoeding nagestreef word.

#### 5.2.2.4 Kenmerke en agterstande van die milieu-benadeelde voorskoolse kind

Ter samevatting van die voorafgaande is die milieu-benadeelde voorskoolse kind beskryf in terme van kenmerke en agterstande. Dié kind is onder andere as nie-skoolgereed beskryf, op grond van onvervulde fisiese behoeftes, affektiewe labiliteit en 'n gevoel van onveiligheid, emosionele afhanklikheid, 'n lae selfkonsep en affektiewe leergeremdheid.

Die onderskeie vorme van deprivasie en verwaarlosing waaraan die milieu-benadeelde voorskoolse kind blootgestel word, is uitgelig. Hierbenewens is die volgende as kenmerkend van hierdie kind voorgehou:

- taalagterstande
- 'n ondoelmatige leerstyl
- ervaringsagterstande
- sosiaal-affektiewe agterstande

- kognitiewe agterstande
- fisiese tekorte
- onderwysagterstande (hoewel nie direk van toepassing op die voorskoolse kind nie).

Ter afsluiting van dié hoofstuk is 'n geheelbeeld van die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind in die vorm van 'n skematiese voorstelling weergegee.

### 5.2.3 Hoofstuk 3

In Hoofstuk 3 is gefokus op waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die bespreking is aan die hand van die volgende fasette gedoen:

#### 5.2.3.1 Waarde-oriëntasie en opvoeding

Die belangrikheid van waardes en die noue verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer en die opvoeding wat hy verwerklik, is beklemtoon. Hierbenewens is die verband tussen bepaalde waardes van ouers en die opvoedingsgedrag wat hulle verwerklik in verband gebring met ekonomiese faktore, meer spesifiek die sosio-ekonomiese status van die ouers en die beroepe wat hulle (veral die vaders) beoefen. Benewens hierdie verbande, is die verband tussen gesinsopvoeding en die ontwikkeling van die kind uitgelig.

#### 5.2.3.2 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl

Dit is beklemtoon dat die opvoedingspraktyke van ouers uit verskillende sosio-ekonomiese groeperinge van mekaar verskil. Uit die literatuur is aangedui dat opvoedingstyle wat kenmerkend is van laer sosio-ekonomiese klasse gewoonlik gerig is op die handhawing van orde en gehoorsaamheid. Weens die hoë mate

van belangrikheid wat hierdie ouers aan gehoorsaamheid en konformiteit heg, is aangedui dat hulle dikwels meer beperkinge op hulle kinders plaas, strenger optree en meer kontrolerend en bestraffend is in hulle opvoedingsgedrag.

Dit is verder uitgelig dat milieu-benadeelde ouers dikwels nie 'n toereikende mate van warmte en ondersteuning aan hulle kinders bied nie. Met bovermelde as vertrekpunt is die volgende opvoedingstyle as kenmerkend van milieu-benadeelde ouers uitgesonder, vir doeleindes van die onderhawige studie:

- dominante opvoeding
- intolerante, outokratiese opvoeding
- onverskillige opvoeding
- koue opvoeding
- toegeeflike opvoeding
- betrokke opvoeding.

### 5.2.3.3 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoude

Die betekenisvolle verband tussen die werksomstandighede van veral die vader en die waardes wat deur die ouers as belangrik beskou en nagestreef word, is opnuut beklemtoon. Weens die hoë mate van klem wat milieu-benadeelde ouers plaas op waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir outoriteit, netheid en om uit die moeilikheid te bly, is sodanige waardes bepalend vir opvoedingsinhoude en vorm dit deel van die inhoude wat tydens opvoeding deur die ouers voorgehou word.

#### 5.2.3.4 Waarde-oriëntasie en die invloed van gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind

Enkele aspekte wat verband hou met kinderlike ontwikkeling is kortliks bespreek, te wete die begrippe **selfkonsep**, **persoonlikheid**, **persoonlikheidseienskap**, **persoonlikheidspatroon**, **kinderlike belewing** en **kinderlike gedrag**.

Vervolgens is die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind bespreek in terme van persoonlikheidseienskappe, belewingsmatige uitkomste en gedragsmatige uitkomste. Hierdie eienskappe is uitgelig met betrekking tot die opvoedingstyle wat dikwels deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, soos vroeër geïdentifiseer. Die invloed van elkeen van hierdie opvoedingstyle op die kind is telkens in tabelformaat saamgevat en weergegee.

Hierbenewens is die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsepvorming van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aangedui, waarvolgens dit blyk dat hierdie kinders selde oor 'n positiewe selfkonsep beskik weens die ontoereikende opvoedingstyle wat kenmerkend is van milieu-benadeelde ouers. Die invloed van die opvoedingsgedrag van die ouer is verder bespreek in terme van die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind, in besonder die affektiewe, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind. Dit blyk dat geeneen van hierdie fasette optimaal verwerklik word by die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie, hoofsaaklik weens die beperkinge wat deur die kenmerkende opvoedingsgedrag van hierdie ouers op hulle kinders geplaas word.

### 5.2.4 Hoofstuk 4

As die empiriese deel van die studie is 'n vraelys-ondersoek onderneem, opgevolg deur enkele individuele onderhoude met milieu-benadeelde ouers, ten einde die aard en omvang van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouers en die opvoedingstyl wat hulle verwerklik, hulle opvoedingsinhoude en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind te bepaal. In Hoofstuk 4 is 'n uiteensetting van die navorsingsinstrument en empiriese ondersoek-program gebied, asook 'n analise en interpretasie van die data wat deur die vraelys en onderhoude met ouers ingewin is.

Die belangrikste bevindinge van die empiriese ondersoek met betrekking tot waarde-oriëntasie as faktor by gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind kan soos volg saamgevat word:

- **Aantal kinders:** Dit blyk dat die hedendaagse milieu-benadeelde gesin geneig is om minder kinders te hê as wat op grond van bevindinge in die literatuur vermoed is. Hierdie verskynsel is gevind in die milieu-benadeelde gemeenskap wat by die ondersoek betrek is. As 'n gevolg is daar minder persone in hulle tuistes woonagtig en word minder vertrekke vir slaapdoeleindes gebruik.

- **Beroepstatus van die ouers:** Die bevindinge wat uit die ondersoek verkry is, stem ooreen met die bevindinge wat in die literatuur beskikbaar is, naamlik dat milieu-benadeelde ouers gewoonlik laer status beroepe beoefen. Die meerderheid milieu-benadeelde vaders wat by die ondersoek betrek is, beoefen opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsberoepe, verkoops-beroepe, klerklike beroepe, ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe en beroepe as boere of tuiniers. 'n Groot gedeelte van die milieu-benadeelde moeders wat by die ondersoek betrek is, is egter ekonomies onaktief, dit wil sê huisvrouens of werkloos.

- **Waarde-oriëntasies van die ouers:** Ouers wat by die ondersoek betrek is, beskou die waardes **gehoorsaamheid**, **goedgemanierdheid**, **hoflikheid**, **pligsgetrouheid**, **netheid** en **respek vir outoriteit** as die belangrikste van die waardes waaroor hulle uitgevra is. **Inisiatief**, **spontaneïteit** en **kreatiwiteit** word as minder belangrik beskou en waardes soos **leierskap**, **inisiatief**, **samewerking**, **individualisme** en **ambisie** word selfs deur sommige ouers as glad nie belangrik geag nie. Hierdie bevinding strook met die bevindinge wat in bestaande literatuur vervat is.

- **Verskille tussen ouer en jonger ouers:** Jonger ouers (jonger as 31 jaar) blyk meer klem te lê op **leierskap** en **ambisie** as die ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer). Ouers uit laasgenoemde groep blyk meer waarde te heg aan **konformiteit**, **goedgemanierdheid** en **hoflikheid** as die jonger ouers, alhoewel beide groepe dit as belangrik beskou.

- **Opvoedingstyl in terme van die dominansie-dimensie:** Milieu-benadeelde ouers blyk hulself as dominant en streng te beleef, eerder as toegeeflik. Hulle tree hoofsaaklik streng op, weens die mate van belangrikheid wat hulle aan waardes soos **absolute gehoorsaamheid** en **konformiteit** heg.

- **Opvoedingstyl in terme van die warmte-dimensie:** Alhoewel dit met die eerste oogopslag lyk asof milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is hulself as toereikend warm en liefdevol beleef ten aansien van hulle kinders, blyk dit by diepere deurskouing dat 'n groot gedeelte van die ouers dit as area vir verbetering beskou ten aansien van hulle eie opvoedingsgedrag, en dat hulle meer liefdevol en warm teenoor hulle kinders wil wees.

- **Verskille tussen ouer en jonger ouers:** Dit wil voorkom of jonger ouers (jonger as 31 jaar) meer liefdevol en warm is teenoor hulle kinders as ouers

uit die ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer). Geen betekenisvolle verskille is waargeneem ten aansien van die dominansie-dimensie nie.

- **Opvoedingsinhoude:** Milieu-benadeelde ouers wat betrek is by die ondersoek blyk, met betrekking tot hulle kinders, veral klem te lê op waardes soos **gehoorsaamheid**, **goedgemanierdheid**, **respek vir outoriteit**, **netheid/skoonheid** en **hoflikheid**. Hierdie bevinding stem nie alleen ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie, maar ook met die waarde-oriëntasie van die ouers, soos uit die ondersoek blyk. In teenstelling hiermee blyk deursnee-geklassifiseerde ouers eerder waardes soos **ambisie**, **individualisme**, **onafhanklikheid** en **weetgierigheid** by hulle kinders te probeer bevorder.

- **Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Milieu-benadeelde ouers blyk wel aktiwiteite saam met hulle kinders te beoefen, alhoewel in 'n mindere mate as deursnee-geklassifiseerde ouers. Hulle speel hoofsaaklik met hulle kinders of betrek hulle by huishoudelike take of take in en om die huis. Die meerderheid milieu-benadeelde moeders doen kognitief-stimulerende aktiwiteite saam met hulle kinders, terwyl vaders dikwels sportverwante aktiwiteite saam met hulle kinders beoefen. In teenstelling met die bevindinge wat uit die literatuur verkry is, blyk die meerderheid milieu-benadeelde voorskoolse kinders oor die algemeen gelukkig en opgewek te wees en dikwels met ander gesinslede te gesels. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skynbare diskrepansie lê daarin dat die respondente se persepsies van hulle kinders se emosionele gesteldheid dalk nie toereikend realisties is nie.

- **Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Die meerderheid milieu-benadeelde ouers blyk kognitief-stimulerende aktiwiteite by hulle voorskoolse kinders aan te moedig, wat nie ooreenstem met die bevindinge uit die literatuur nie. Moontlike verklaringe vir hierdie skynbare diskrepansie is reeds verskaf. Hierbenewens blyk die meerderheid milieu-benadeelde ouers

wat by die vraelys betrek is hulle kinders se vrae te beantwoord, vreemde woorde en begrippe aan hulle te verduidelik, probleme saam met hulle op te los en te verduidelik hoe hulle by die oplossing uitkom.

- **Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Volgens die meerderheid milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is, is die verhoudinge tussen die voorskoolse kind en ander gesinslede baie goed, kom hulle maklik met ander gesinslede oor die weg en pas hulle maklik in 'n leeftydgenotegroep aan. Hierbenewens is 'n groot gedeelte van die ouers van mening dat hulle voorskoolse kinders eerder leiding neem tussen leeftydgenote as om ander te volg, wat nie heeltemal ooreenstem met die bevindinge in die literatuur nie. Hierdie klaarblyklike diskrepansie kan moontlik verklaar word aan die hand daarvan dat die ouers dalk nie in staat is om in dié verband 'n ware oordeel uit te spreek nie, asook in die feit dat die milieu-benadeelde kind meestal slegs met ander milieu-benadeelde kinders meng en om dié rede met 'n mate van selfvertroue leiding kan neem in die leeftydgenotegroep.

- **Selfkonsep van die voorskoolse kind:** Die meerderheid milieu-benadeelde ouers is van mening dat hulle voorskoolse kinders hulself as mooi, slim en oulik beleef en derhalwe skynbaar oor 'n positiewe selfkonsep beskik. 'n Moontlike verklaring vir hierdie klaarblyklike diskrepansie met die bevindinge wat uit die literatuur blyk, lê daarin dat die ouers se persepsies van hulle kinders se selfbeeld dalk nie toereikend realisties is nie. Dit blyk verder dat die meerderheid ouers van mening is dat hulle voorskoolse kinders met selfvertroue kan optree in groepsituasies. Die verklaring in voorgaande paragraaf is ook hier van toepassing.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek is bevind dat die waarde-oriëntasies van milieu-benadeelde ouers op waardes soos **gehoorsaamheid**, **respek vir meerderes**, **pligsgetrouheid**, **goedgemanierdheid**, **hoflikheid** en **netheid** fokus. Hierbenewens is bevind dat die waarde-oriëntasies van hierdie ouers in 'n betekenisvolle mate 'n invloed uitoefen op die gesinsopvoeding wat deur die ouer verwerklik word.

Dit is bevind dat milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is, streng, kontrolerend en beperkend is in hulle opvoedingsgedrag en derhalwe 'n dominante of intolerante opvoedingstyl verwerklik. Verder openbaar genoemde ouers 'n behoefte om meer warmte en liefde aan hulle kinders te betoon, wat daarop dui dat hulle ook die koue en onverskillige opvoedingstyle verwerklik, ten spyte van hulle persepsie dat hulle eerder warm as koud en afsydig is in hulle opvoedingsgedrag teenoor hulle kinders. Enkele ouers kan wel as betrokke (warm/dominant) geklassifiseer word en enkele ouers as toegeeflik, alhoewel in die minderheid.

Uit die ondersoek blyk dit dat jonger ouers (31 jaar en jonger) meer geneig is om klem te lê op waardes soos **ambisie**, **inisiatief** en **leierskap** as ouers uit 'n ouer ouderdomsgroep (ouer as 31 jaar), wat waardes soos **konformiteit**, **gehoorsaamheid** en **respek vir meerderes** as meer belangrik beskou. Hierbenewens blyk jonger ouers meer liefdevol en warm te wees teenoor hulle voorskoolse kinders as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Ten aansien van die dominansie-dimensie blyk daar geen betekenisvolle verskille te wees tussen die onderskeie ouderdomsgroepe nie.

Met betrekking tot opvoedingsinhoude is bevind dat die opvoedingsinhoude wat deur milieu-benadeelde ouers oorgedra en nagestreef word tydens die opvoeding van hulle kinders ooreenstem met die ouers se persoonlike waarde-

oriëntasies. Verder kan ook afgelei word dat hierdie waardes verband hou met dit wat in die ouers (veral die vaders) se beroepsomgewing as belangrik beskou word.

Ten aansien van die invloed van die gesinsopvoeding op die voorskoolse kind stem die bevindinge van die empiriese ondersoek nie heeltemal ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie. Gebaseer op die moontlike verklaringe wat reeds gebied is, kan die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat die persepsies van die ouers, soos wat dit in die empiriese ondersoek bepaal is, nie toereikend realisties is nie en derhalwe nie veralgemeen kan word na die milieu-benadeelde gemeenskap in totaliteit nie.

In die lig van bostaande bevindinge kan die hipotese van die onderhawige navorsingsprojek geverifieer word, ten spyte van enkele klaarblyklike diskrepansies tussen dit wat in die ondersoek bevind is en dit wat uit die literatuur blyk.

## 5.4 OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES

Ouerbegeleiding omsluit twee hoofkategorieë, naamlik begeleiding op mikro-vlak en begeleiding op makro-vlak. Waar eersgenoemde afgestem is op die regstelling en opheffing van probleme wat reeds geïdentifiseer is, is ouerbegeleiding op makro-vlak gerig op die voorkoming van opvoedingsfoute. Laasgenoemde het vanselfsprekend 'n meer omvattende teikengroep en positiewe uitkoms, aangesien ouers in groepe leiding kan ontvang en opvoedingsprobleme op dié wyse voorkom kan word. Makro-vlak ouerbegeleiding word derhalwe by uitstek as geskik beskou vir begeleiding aan milieu-benadeelde ouers.

Alhoewel makro-vlak ouerbegeleiding sterk gerig is op voorkoming, sal ouerbegeleiding in milieu-benadeelde gemeenskappe dikwels ook herstellend en

kompenserend van aard moet wees. Weens die eiesoortigheid van verskillende gemeenskappe sal alle vorme van ouerbegeleiding gedifferensieerd moet wees en gerig moet wees op die waardes, spesifieke sosio-ekonomiese stand en lewensomstandighede van die ouers aan wie die begeleiding verskaf word.

Buys (1991:31) beklemtoon die riglyn dat, alhoewel individuele opvoedkundige-sielkundige hulpverlening altyd 'n plek sal hê, daar in Suid-Afrika in toenemende mate op pro-aktiewe eerder as reaktiewe werk gefokus moet word, met die klem op voorkomende werk. Buys benadruk die noodsaaklikheid dat alle ouers toegang behoort te hê tot ouerbegeleidingsprogramme en dat ouers hulself as bekwaam moet beleef ten aansien van die taak van ouerskap, aangesien dit gevoelens van geborgenheid by hulle kinders sal bevorder. Ouers moet derhalwe bemagtig word om deur hulle eie opvoedingsgedrag die optimale ontwikkeling van hulle kinders te bevorder.

Ferreira (1991:48) beklemtoon die belangrikheid van waardes tydens ouerbegeleiding. Wanneer ouerbegeleiding beplan en uitgevoer word, is dit noodsaaklik om die waarde-oriëntasies van die lede van die teikengroep in gedagte te hou, asook die moontlikheid dat daar verskille kan bestaan tussen die waardes en norme van die ouerbegeleier en die ouers self. Daar moet met groot versigtigheid te werk gegaan word, aangesien tradisionele gebruike binne die gesin, sosio-ekonomiese groepering en kultuurgroep 'n invloed kan uitoefen op die ontstaan van disharmoniese momente en die ouers kan laat met 'n gevoel dat hulle identiteit en waardes bevraagteken en bedreig word en dat hulle hulself moet verdedig en hulle opvoedingsgedrag moet regverdig.

Ouerbegeleiding kan 'n betekenisvolle invloed uitoefen, ook wat betref die uiteindelike volwassewording van die kind. Dit behels nie slegs die verskaffing van inligting aan ouers ten einde probleme voorkomend aan te spreek nie, maar ook die toerus van die ouer om sy begeleidingsrol te verstaan deur hom van kennis sowel as vaardighede te voorsien, in die vorm van funksionele

handelinge. Ouerbegeleiding is derhalwe gerig op die bevordering van optimale ouerskap en opvoeding, asook op die harmoniëring van disharmoniese momente in die opvoedingsgedrag van die ouer. Die ouer moet in staat gestel word om meer toereikend te voel, sodat hy met meer selfvertroue kan optree. Ouers wat hulself as opvoeders hoog ag, sal noodwendig die welstand van die kind bevorder.

Benewens bovermelde doelwitte met ouerbegeleiding is dit ook daarop gerig om die ouer te bemagtig om sy begeleidingsrol toenemend op 'n hoër vlak te verwerklik, sodat hy nie voortdurend aangewese sal wees op begeleiding deur 'n ander persoon nie (Buys, 1991:121).

Weens die feit dat die milieu-benadeelde ouer moontlik uitgelewer mag voel en kan voel dat sy deelname aan 'n ouerbegeleidingsprogram aanduidend is van sy erkenning dat hy hulp nodig het, moet hy deurgaans met versigtigheid hanteer word. Hy moet gerusgestel word en aan ope, empatiese kommunikasie blootgestel word. Sy menswaardigheid moet te alle tye gerespekteer word en die boodskap moet oorgedra word dat hy bloot bemagtig word ten opsigte van vaardighede waaroor hy in 'n mate reeds beskik (Buys, 1991:139-140).

Dit is verder belangrik om die teikengroep deurgaans in gedagte te hou. Verhewe en vakterminologiese taalgebruik is byvoorbeeld nie geskik vir 'n ouerbegeleidingsprogram aan milieu-benadeelde ouers nie. Terme wat maklik verstaanbaar is vir die ouers moet derhalwe vakterminologie soos affektiewe, kognitiewe en ander moeilik verstaanbare begrippe vervang.

Met betrekking tot ouerbegeleidingsimplikasies wat uit die onderhawige studie voortvloei, die volgende:

- Milieu-benadeelde ouers kan beslis baat vind by ouerbegeleiding ten aansien van hulle opvoedingstaak.

- Ouerbegeleiding behoort primêr afgestem te wees op makro-vlak ouerbegeleiding, ten einde meer ouers te bemagtig vir hulle taak as opvoeders en moontlike opvoedingsfoute te voorkom.

- Wanneer probleme wat reeds bestaan, geïdentifiseer word, behoort ouerbegeleiding ook op mikro-vlak aangebied te word om die geïdentifiseerde probleme op te hef.

Ouerbegeleidingsprogramme vir milieu-benadeelde ouers behoort derhalwe ontwikkel te word. Die onderhawige ondersoek kan dien as behoeftebepaling ten einde relevante temas vir ouerbegeleiding te identifiseer. By die ontwikkeling van 'n program moet verder aandag geskenk word aan die formulering van doelwitte, reduksie en seleksie van gepaste inhoud uit beskikbare literatuur en die identifisering van relevante begrippe. Geleenthede vir die aanbied van die program moet beplan en geskep word, waarna die program aangebied word. As deel van die program behoort 'n komponent vir die evaluering van die program ingebou te word.

Op grond van die bevindinge wat uit die onderhawige ondersoek verkry is, kan die volgende as moontlike temas vir ouerbegeleidingsprogramme dien:

- Kinderlike ontwikkelingsfases en die behoeftes van die kind
- Gunstige opvoedingstyle (warm en tolerante opvoedingstyle): Opvoedingsgedrag van die ouer, asook die positiewe uitwerking wat dit tot gevolg het by die kind
- Ongunstige opvoedingstyle: Opvoedingsgedrag van die ouer, asook die negatiewe uitwerking daarvan op die ontwikkeling van die kind
- Die verband tussen die waarde-oriëntasie van 'n ouer en die wyse waarop hy sy taak as opvoeder verwerklik

- Begeleiding ten aansien van aspekte wat sentraal staan tot gunstige opvoedingstyle, soos effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind, induktiewe dissiplineringsgedrag, betrokkenheid by die kind, ensovoorts.

Ouerbegeleiding op makro-vlak kan deur middel van die volgende gedoen word:

- massa-onderwysmodi, soos deur middel van die radio, televisie, internet, koerante en tydskrifte
- groepmodi, dit wil sê ouerbegeleidingsgroepe
- individuele modi, met ander woorde gesprekke met ouerpare.

Ten aansien van die milieu-benadeelde ouer in sy spesifieke gesitueerdheid blyk die gebruik van massa-onderwysmodi en groepmodi meer toepaslik te wees as individuele modi. Ouers kan deur middel van en in samewerking met die kleuterskool wat hulle kind bywoon, bereik word. Ouerbegeleiding kan byvoorbeeld by 'n oueraand aan ouers gebied word en daarna op 'n gereelde basis opgevolg word deur 'n skrywe aan ouers, waarin aandag geskenk word aan relevante temas en vraagstukke. Hierbenewens kan ouers in kleingroep-verband toegespreek word.

Onderwyseresse aan kleuterskole kan as kontakpersone, maar ook as raadgewers, dien. Bemagtiging van onderwyseresse sal hulle in staat stel om ouers se vrae te beantwoord, probleme by kinders te identifiseer en begeleiding te verskaf waar nodig. Hierbenewens kan moeders wat ekonomies onaktief is bemagtig word om op hulle beurt weer raad en leiding aan ander ouers in die omgewing te bied. Op dié wyse kan die ouerbegeleidingsprogram omskep word tot 'n gemeenskapsonderwysaksie, waar 'n professionele persoon (soos 'n opvoedkundige-sielkundige) onderwysers oplei en bemagtig, wat weer geselekteerde ouers kan oplei en bemagtig, wat op hulle beurt ander ouers kan bystaan en begelei. Laasgenoemde kan in kleingroep-verband of op individuele basis deur middel van gesprekke met ouerpare, geskied. Die ouers wat ander

ouers begelei, kan selfs opgelei word om as "hulp-onderwyseresse" behulpsaam te wees by die kleuterskool of 'n dagsorgeenheid, om sodoende 'n bydrae te lewer tot die gemeenskap en terselfdertyd 'n inkomste te genereer. In kleingroep-verband kan ouers op 'n gereelde basis (byvoorbeeld maandeliks) vergader en hulle ervaringe met mekaar deel, asook raad van mekaar bekom. Tydens sulke geleenthede kan van sprekers gebruik gemaak word om aktuele onderwerpe en geïdentifiseerde knelpunte met die ouers te bespreek en die nodige begeleiding te verskaf.

Met betrekking tot die gebruik van media kan die gebruik van die radio of televisie, asook publikasies in tydskrifte of koerante as handige hulpmiddel dien om ouers te begelei ten opsigte van hulle opvoedingstaak. Weens die sosio-ekonomiese omstandighede van die milieu-benadeelde ouer word die internet nie as 'n primêre hulpmiddel beskou nie, alhoewel onderwyseresse daardeur bereik kan word of selfs ouers wat 'n beroep beklee waar hulle toegang het tot die internet.

## 5.5 AANBEVELINGS

Voortvloeiend uit die onderhawige studie word die volgende aanbevelings gemaak:

### 5.5.1 Ouerbegeleiding op makro-vlak

- Milieu-benadeelde ouers moet toenemend bewus gemaak word van hulle opvoedingsverantwoordelikheid met betrekking tot die voorskoolse kind se totale ontwikkelingsverloop. Hulle moet begelei word ten aansien van die affektiewe, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die kind, sowel as die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep.

- Ouerbegeleidingsprogramme ten aansien van effektiewe ouerskap en verbandhoudende aspekte (soos bo geïdentifiseer) behoort ontwikkel en aan milieu-benadeelde ouers gebied te word. Ouerbegeleiding op makro-vlak word aanbeveel sodat meer ouers bereik en begelei kan word.

- Ouerbegeleiding op makro-vlak moet daarop gerig wees om ouers te bemagtig en op dié wyse opvoedingsprobleme op 'n pro-aktiewe wyse te voorkom. Bemagtigde ouers kan weer behulpsaam wees met die bemagtiging van ander ouers.

### 5.5.2 Samewerking met kleuterskole

- Ouerbegeleiding behoort amptelik by skole in Suid-Afrika verskaf te word en ouers behoort derhalwe begeleiding as deel van hulle verbintenis met 'n skool (kleuterskool) te ontvang.

- Onderwyseresse moet bemagtig en opgelei word om ouers te begelei met hulle taak as opvoeders en van hulp te wees waar moontlik, onder andere by die aanbied van ouerbegeleidingskursusse.

- Onderwyseresse moet ouers inlig aangaande die eise, verwagtinge en probleme wat skoolgaande kinders ervaar en die nodige begeleiding verskaf in dié verband.

### 5.5.3 Samewerking met regerings- en nie-regeringsinstansies

- Fondse behoort deur die regering, sowel as nie-regeringsinstansies bewillig te word vir die ontwikkeling van ouerbegeleidingsprogramme, asook vir projekte wat geloods word om milieu-benadeelde ouers vir hulle taak as opvoeders te bemagtig.

### 5.5.4 Verdere navorsing

Gekoppel aan die onderhawige studie kan die volgende as moontlike navorsingstemas voorgehou word:

- Die ontwerp en ontwikkeling van ouerbegeleidingsprogramme wat voorsien in die behoeftes van milieu-benadeelde ouers, soos reeds geïdentifiseer.

- Die opvoedingsgedrag van milieu-benadeelde ouers, asook die invloed daarvan op die ontwikkeling van die voorskoolse kind, ten einde die resultate van die onderhawige ondersoek met 'n ander ondersoek/e te vergelyk en die geldigheid en betroubaarheid van die onderhawige resultate te verhoog.

- Verskille in die opvoedingsgedrag van ouer en jonger ouers in milieu-benadeelde gemeenskappe.

- Opvolgnavorsing ten einde die medium- en langtermyneffek van ouerbegeleiding aan milieu-benadeelde ouers te peil.

## 5.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Na die mening van die ondersoeker word die onderhawige studie deur die volgende beperkinge gekenmerk:

- 'n Selfontwerpte instrument (vraelys) is in die ondersoek gebruik, wat uiteraard nie gestandaardiseer en vir geldigheid en betroubaarheid getoets is nie. Die vraelys is egter ontwerp op grond van 'n deeglike literatuurstudie, asook die insette van kundiges op dié terrein.

- Die ondersoek het slegs ouers in 'n milieu-benadeelde gebied in die Pretoria-omgewing ingesluit en die vraag ontstaan of die bevindinge net so van

toepassing gemaak kan word op ander milieu-benadeelde gemeenskappe. Aangesien die ouers wat betrek is hoofsaaklik Blanke ouers was, ontstaan 'n verdere vraag of die bevindinge ook van toepassing gemaak kan word op ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

- Meer omvattende inligting kon verkry gewees het deur elke vraelys op te volg met 'n individuele onderhoud met die ouers/voogde. Dit hou egter implikasies in ten aansien van tyd, mannekrag en koste en sou nie werklik ekonomies haalbaar gewees het nie.

- Die geldigheid van die data sou waarskynlik verhoog kon word indien albei ouers by die beantwoording van die vraelys betrek kon word, aangesien vaders en moeders dikwels verskil ten aansien van hulle rolle as ouers en opvoeders.

- Die betroubaarheid van die empiriese navorsingsbevindinge is moontlik nadelig beïnvloed deur respondente se geneigdheid om sogenaamde "gewenste response" as antwoorde te verskaf. Alhoewel dit deurgaans beklemtoon is dat eerlikheid belangrik is en dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie, blyk dit tog dat talle respondente gepoog het om sogenaamde modelantwoorde te verskaf.

Ten spyte van die beperkinge van die studie, is daar tog betekenisvolle inligting ingewin aangaande die waarde-oriëntasies van milieu-banadeelde ouers, asook met betrekking tot die invloed wat dit op die opvoedingsgedrag van die ouers en uiteindelik die ontwikkeling van die kind uitoefen. Dit kan moontlik as basis dien vir verdere navorsing op dié terrein.

## 5.7 SLOTOPMERKING

Die vraag waarmee die onderhawige studie gemoeid was, is: "Op watter wyse beïnvloed die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde kind, in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind?"

Uit die bevindinge van die ondersoek blyk dit dat die waardes wat ouers vir hulself as belangrik ag 'n kragtige invloed uitoefen op die waardes wat hulle in die opvoeding van hulle kinders nastreef (opvoedingsinhoude), asook bepalend is ten aansien van die opvoedingstyl wat hulle verwerklik. Hierbenewens oefen die gesinsopvoeding wat verwerklik word 'n betekenisvolle invloed op die ontwikkeling van die voorskoolse kind uit.

Milieu-benadeelde ouers ervaar eiesoortige behoeftes en agterstande ten aansien van die opvoeding van hulle kinders. Deur middel van ouerbegeleiding is dit moontlik om ouers toe te rus met kennis en vaardighede waardeur hulle bemagtig sal word om hulle opvoedingstaak met selfvertroue aan te pak en te verwerklik.

Ouerbegeleidingsprogramme kan ontwikkel word met die doel om ouers toe te rus om 'n opvoedingstyl te kan verwerklik wat gunstige uitkomstes tot gevolg sal hê. Op dié wyse word die ouers toegerus om optimale persoonsontplooiing en ontwikkeling by die voorskoolse kind te bevorder en te fasiliteer en word die ouer in staat gestel om sy opvoedingstaak toereikend te verwerklik en sy opvoedingsdoel te bereik.